WellingtonINFO – 2014.04.24

Aangeleenthede in hierdie nuusbrief genoem soos die misdaad, parkering, haweloses, algemene netheid van die dorp ens. word ook op die agenda geplaas van die Wellington Forum waar Drakenstein Munisipaliteit, Wynland Distriks Munisipaliteit SAPD, Raadslede, Sakekamer en ander belangegroepe op 'n maandelikse basis insit om dit te bespreek en oplossings te vind.

Die volgende eposse was van inwoners ontvang:

1. Moontlik gesteelde fiets gevind:

"Ek het gister n fietsdief gevang hier by my huis. Hy het die fiets iewers gesteel en by my agter die muur aan die voorkant van my huis kom wegsteek. Die polisie het hom kom haal en hy is toegesluit. Blykbaar n ou skelm. Ene Pieter Williams. Die fiets is by die polisie. Dis n blou fiets met n geel slotketting. Hy sê hy het die fiets in Queenstr opgetel. Of hy nou rerig die fiets in Queenstr gekry het weet ek nie, maar as iemand se fiets gesteel is, kontak gerus die polisie. Adjudant Fortuin weet daarvan. Ek het met hom oor die telefoon gepraat. Dankie Hannerie"

2. Diefstal uit motor: dit is belangrik om altyd aan jou motor se deur te voel en seker te maak dat dit wel gesluit is voordat u wegstap. Selfs al gebruik u 'n afstand beheerde toestel. Kriminele gebruik n soortgelyke toestel om te verhoed dat jou motor behoorlik sluit wanneer jy wegstap. Dit gebeur gewoonlik in die parkeerareas van winkelsentrums

"Voel net ek moet dit onder julle aandag bring. My hele skoolmandjie metal my voorbereiding, assessering, pensakkie, bril dagboek, beursie en als wat n juffrou in haar mandjie hou is Donderag voor die skole gesluit het uit my Fortuner gesteel. Dit kan voor Check-in wees of voor WPK. Ek is vas oortuig my motor was gesluit! Blykbaar al meer as een so n voorval in dieselfde straat. Vermoed dis ontsluit toe ek toesluit. WEES OP JULLE HOEDE! Groete Susan"

3. Diefstal vanaf vragmotors:

"Iets wat ek ook graag onder mense aandag wil bring wat my verstom het. Leeglêers wag vir die groot trokke wat vol vrugte is om verby te kom onder in die dorp naby die stasie. Indien die trok stop of draai, spring hulle agterop, druk hulle hande in die kratte en help hulleself met vrugte, sodra hulle genoeg gesteel het, spring hulle af en loop weg. Ek glo nie die trokbestuurders is daarvan bewus nie. Groete"

4. Verkeersprobleme in Wellington:

a) Algemeen: "Die reaksie wat Pierre van die verkeersafdeling gekry het, noop my om te dink dat daar permanent êrens 'n musiekkonsert is. Ek wonder wat het geword van verkeersbeamptes wat skofte gewerk het soos die SAP (6.00 tot 14.00 en 14.00 tot 22.00 ens) In Kerkstraat Wellington is daar twee stopstrate, op die hoek van Kerkstraat en Berg en Dalstraat(3-rigting) As daar elke oggend net tussen 6.00 en 8.30 iemand op diens is, kan daar genoeg boetes gevorder word om die helfte van Drakenstein se salarisse te betaal. Dit is onrusbarend om te sien hoe hierdie stopteken verontagsaam word EN taxi's U-draaie maak binne die interseksie, sodat normale verkeer vir hulle moet wag. Die stop by Kerk- en Barlinkastrate (Voortrekkersaal) "bestaan" vir sommige mense glad, of hulle kan nie lees nie. Die normale gewilde U-draai "zone" vir taxi's is by die museum, aankomende verkeer moet maar net wag of bots. Wat mens soms, let wel soms, sien is dat die verkeersbeampte met blou ligte wat flikker, die verkeer in Kerkstraat blokkeer, om 'n kaartjie uit te skryf vir 'n motor wat langer as die toegelate tyd, op 'n parkeerruimte staan. Ek gebruik graag die uitdrukking "traffic control in Wellington sucks". Dit is pateties. Fanie"

b) Parkering "Dankie vir inligting- vragmotors is 'n probleem hul stop om af te laai net waar hul wil ongeag die verkeer. Parkering in ons pragtige dorp is nou 'n GROOT PROBLEEM- probeer om by Nedbank sake te doen dit is haas onmoontlik (Jan v Riebeeckstraat) gedeelte tussen Kerkstraat en Malherbestraat daar is of rooi strepe of geel strepe geverf of geel blokke met geelkruise dit alles waar parkering kon wees. Kerkstraat is net so beperk met die nuwe voetoorgange veral by Absa en Spar ek hoop die tersake beamptes sal ons dorp se parkeer areas heroorweeg en ook spesiale parkering skep vir motorfietse en puggies. Groete Milton Siebritz"

5. Skrywe vanaf Munisipaliteit tov optredes teen verkeersoortreders

"Road safety very important for the Municipality

The Easter 2014 Provincial Traffic Operational Plan was launched on 17 April 2014 at the N1 Huguenot Tunnel. The plan outlined the focus areas pertaining road safety over the Easter weekend to ensure that road users arrived safely

at their destinations. As part of the launch, Minister of Transport and Public Works, Mr. Robin Carlisle and Executive Mayor Gesie van Deventer joined Provincial and Drakenstein Traffic Services in a road block operation and interacted with motorists on matters relating to road safety.

Drakenstein Municipality's Traffic Department in cooperation with SAPS also had a road block operation on the R301 near Vlakkeland in the Drakenstein municipal area on Thursday 17 April 2014. A total of 149 vehicles were stopped and fines ranging from driving without licenses (33), no vehicle licenses (29), disregarding red traffic lights, failure to wear seatbelts (8); defects in vehicles and parking inconsistent with road traffic signs, on pavements, on red lines and in front of private entrances, were issued. Thirteen drivers were tested for driving under the influence of alcohol. The use of two vehicles was suspended because it did not comply with the legal road worthy standards. The high number of unlicensed drivers and vehicles is a cause for concern and would be addressed as part of the Traffic Department's future operational planning. On Saturday 19 April 2014 municipal traffic officers did speed measurements in South Main Street and Jan van Riebeeck Road and recorded a highest speed of 93km per hour.

As a result of the visible patrols, good cooperation and more tolerance from of the general public this Easter weekend was generally much quieter than usual. Only one serious accident was reported and no fatal injuries were incurred during this period.

The Municipality appreciates the cooperation and tolerance shown on our roads by the Drakenstein community.

5. Dankie aan lid van die Polisie

"Na vele oproepe het ek darem die, na ure nooddiens in die hande gekry, om hul in kennis te stel,' n hooflyn waterpyp het reg voor my huis op die sypaadjie gebars. Dis was rondom 6.30 en 7uur. Wel niemand daag op, die water stroom die pad vol, (ek wonder net hoeveel liter (wat mens dit ook al noem) water is gisteraand gemors, omrede daar nie gouer gehoor gegee word aan die aanmeld van die problem nie. Bel sector 3 met die hoop miskien sal hier iets van kom, oeps, nie beskikbaar, prober 3 keer, nee wat, dan maar die plaaslike polisie, tot my verbasing antwoord, hul dadelike ek kan jy glo die man is vriendelike, behulpsaam en praat sowaar Afrikaans, nog 'n bonus. Nou wag ek, motors jaag deur water, want dis mos lekker, maak nie saak wat later gebeur……..en wie daag op, "Speurder Niel de Lange," dank die vader, want toe maak hy vuur onder hulle. Alle eer en dank aan hom, hy het daar bly wag tot dat die munisipaliteit opgedaag het, die lint span, stop kraan toe draai, en alles beveilig het. En heel laaste kom die patrolliewa van die polisie, terwyl die speurder maar hul werk gedoen het. Nou vra ek, wat sou gebeur het as Speurder de Lange nie reageer het op dit wat hy op sy radio gehoor het nie, dit was amper 10.30 toe hulle daar weg is. Weereens baie dankie aan hom vir sy vriendelik diens en behulpsaamheid."

6. Probleem met hawelose mense en die impak wat hulle op die dorp het:

"Sal baie bly wees as jy hierdie e-pos aan die regte mense kan stuur. Ek is baie lief vir ons mooi plattelandse dorp, maar daar gebeur regtig dinge wat ons dorp laat agteruitgaan. As ek in die middae in CN inry, word daar wasgoed gewas in die fonteintjie van Blouvlei-weg, en in die area oorkant die fonteintjie word daar rond gelê en gemors. In die parkeerarea en tuin langs Hugo Rust word daar bed gemaak en die bome word gebruik vir 'n toilet. In Rosestr om die draai van Peps lê haweloses rond op die sypaadjie. Selfs daar waar Kristies se koffiewinkel was maak hulle nou bed op die stoep. Op Saterdae wil ek dit nie eers in die dorp waag nie. Waar gaan dit eindig en wat word aan hierdie probleem gedoen? Indien daar 'n onderliggende probleem is, hoe kan ons as gemeenskap betrokke raak en help? Dit raak nou winter en hierdie mense gaan buite slaap... en ons mooi dorp lei daaronder. Groete"

7. Verlore afstandbeheer:

"Het 'n blou "remote controle" in shoprite checkers se onderdak parkeerplek of omgewing verloor. sal bly wees as iemand dit opgetel het aan my kan terug besorg. Bankie. Joubert. 0837084920"

8. G- Voucher Projek:

"Dit is met dankbaarheid dat ons u meedeel dat ons so pas R5000 donasie van Wellington Golfklub ontvang het. Dit sal baie honger mage voed! Dan is dit ook n groot oomblik om ons webwerf bekend te stel: Besoek gerus http://www.gproject.co.za/ en vergewis uself van die aktiwiteite. Ons dank teenoor Rean Opperman wat dit gratis vir ons ontwerp en opgestel het. Baie dankie vir u ondersteuning! Groete Danie Nel"

9. Lesing van watermeters:

“Ek het ‘n addisionele voorstel aan die munisipaliteit en die waterlesers. Ek dink dit is n baie belangrike taak wat meer aandag geniet. Waterlesings moet nie net rompslomp geneem word nie, maar daar moet by elke woning die tyd geneem word om te bepaal of daar nie onwettige konneksies is nie. Dit sal beslis die moeite werd wees om ‘n slag die tande in te slaan in die probleem, wat ek dink verbasend skokkende resultate sal oplewer! En dit is nie net by die informele blyplekke nie. Ek eis om te dink my water word al duurder, en baie water word gesteel!!!! Spesmaas”

10. Baie dankie aan al die persone wat reageer het op Christine en Daphne se epos

“Hiermee ons innige dank aan almal vir die spoedige respons op ons versoeke. Ons dak is reeds herstel en geverf. En ‘n selfoon vir Rosie is gevind. Nogmaals dankie van Christine en Daphne”

11. Studente akkommodasie in Stellenbosch:

“Akkommodasie in Stellenbosch vir een persoon: Ivy League - Meisies of mans - Dis ‘n enkelkamer – deel badkamer en kombuis met 1 ander persoon - Kontak: Coretha by 0828028875 of Theresa by 0832693310”

www.WellingtonINFO.co.za

Vorige nuusbriewe kan op webtuiste besigtig word.